# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Tweede Vraestel : Literatuurstudie)**

---

## AFDELING A

## POËSIE

Gee krediet vir kandidate se eie insigte. Wat die memorandum gee is slegs riglyne en beslis nie die enigste moontlikhede vir beantwoording nie!

### VRAAG 1

***Enkelspel*** – Hennie Aucamp

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Tennis | (1) |
| 1.2 | Daar is nie 'n wenner of verloorder nie / daar is geen trofee op die spel nie. | (1) |
| 1.3 | Dit is 'n spel vir een bedoel, maar word deur twee gespeel. | (2) |
| 1.4 | Dui op 'n spel vir een, kan nie deur twee gespeel word nie. | (1) |
| 1.5 | Paarrym en koeplet/tipografie/inkeping. | (2) |
| 1.6 | Die wenner vra, eis, kry. | (3) |
| | | **[10]** |

### VRAAG 2

***Wetenskapmannetjies*** – Antjie Krog

Die nasientabel vir literatuurstudie word gebruik.

Die rekenaar, selfoon, faks, e-pos het ontwikkel as kommunikasiemiddele. Daar is meer inligting beskikbaar met die internet, en die wêreld het skielik kleiner en beheerbaarder vir die mens geword. Dit gee die mens 'n gevoel van mag en sukses. Chemiese oorlogvoering is ontwikkel, iets wat baie effektief is.

Mense word makliker siek omdat hulle nie aktief is nie. Hulle spiere ontwikkel nie soos dit kan nie. Chemiese oorlogvoering, ruimte-ongelukke ens. neem toe en mense sterf. Die mens raak sy eie god. Orgaanoorplanting maak dit weer moontlik dat die mens in sekere omstandighede langer leef, maar teen Vigs kan daar ten spyte van die tegnologie, geen oplossing gevind word nie.

Die mens bly dus beperk en sal nie die inkrimpende son kan bereik nie. Die mens is eintlik pateties en raak emosioneel afgestomp. Morele waardes en ander waardes verdwyn. Stres, slapeloosheid en selfmoord neem toe. Ook antisosiale gedrag soos kindermolestering en verkragting kan as resultaat van die mens se versteurde emosionele bestaan toegeskryf word.

Die mens sal weer aandag aan die klein dingetjies in die lewe moet gee voordat hy sal kan herstel. Die natuur se rustigheid is helend. Luister na geluide van 'n verdwaalde korhaan en waardeer die natuur. Wees kreatief en "teken klawertjies" tussen die "huiswerk". Daar moet genoeg ontspanning wees. Prestasie is nie so belangrik nie. **[10]**

## VRAAG 3

***Karoo-dorp : Someraand*** – N. P. van Wyk Louw

3.1 Die nasionale pad is gelig / hoogliggend.
Die motortjies loop baie vinnig / motors is verwyderd. (2)

3.2 Die lewe is tydelik. (1)

3.3 Om haar te genees / te laat sterf. (1)

3.4 Die dood. (1)

3.5 Aksenttekens / verkleiningsvorm. (1)

3.6 Die dag word volmaak met sonsondergang / die kleur van die ondergaande son is soos room / die aktiwiteite kom tot stilstand. (1)

3.7 Oum Appie is oud / moeg.
Tante Tollie het kanker.
Die oom drink.
Die tannie bid. (2)

3.8 Klaas-skáwagter voëltjie
Oog kroeg (2)

3.9 Laat-skemer (tydsaanduidend) / room en koper dui op die sonsondergang se kleur. (1)

3.10 f (v). (1)

3.11 Tante Tollie / Oum Appie. (1)

3.12 Oom – kan nie verhelp dat hy drink nie.
Tannie – sy is baie siek. (1)
**[15]**

## VRAAG 4

***Troetelwoorde vir Ogilvie Douglas*** – Marlene van Niekerk

4.1 Grabouw (1)

4.2 Kwyl word met heuning vergelyk.
R.9 is kort en r.10 is lank. (2)

4.3 Die kind, hyself, die ma (3)

| | | |
|---|---|---|
| 4.4 | R.18 | (1) |
| 4.5 | jakkals trou met wolf se vrou (volle reël). | (1) |
| 4.6 | kyk, oggeliefie druppeldou, | (1) |
| 4.7 | Die moeder | (1) |
| 4.8 | Dit reën en hy kan nie werk nie | (1) |
| 4.9 | Kind het 'n naam en 'n van: Ogilvie Douglas | (2) |
| 4.10 | Ja / nee | (1) |
| 4.11 | Ja – dit bly steeds my kind / ouers het 'n plig teenoor hulle kinders<br>Nee – ek sou skaam wees vir so 'n kind | (1)<br>**[15]** |

**VRAAG 5**

***Hippie*** – Wilma Stockenström

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Blommekind | (1) |
| 5.2 | Hy luister na voetstappe | (1) |
| 5.3 | Reis / reis om homself | (1) |
| 5.4 | Hy is leeg / nie veel werd nie / traak-my-nie-agtig | (1) |
| 5.5 | S-klank | (1) |
| 5.6 | Nadat hy geëet het, slaap hy. / Dalk het hy drank gesteel en is nou dronk / hy is 'n buitestander. | (1) |
| 5.7 | Beklemtoon dat die hippie misgekyk is / houtoë kan nie sien nie – dus treffend. | (2) |
| 5.8 | Miskien / of | (1) |
| 5.9 | Dit is juis die hippie wat tred verloor het met die tyd. | (2) |
| 5.10 | Aan die kamma-wêreld van sy jeug. | (1) |
| 5.11 | Die oumense. Omdat hulle oud is ? sluit aan by die bloekom in vorige reël. | (2) |
| 5.12 | Hy verkondig nie die Evangelie nie, maar die hippie-leefwyse. | (1)<br>**[15]** |

## VRAAG 6

***Elegie vir my toekomstige vrou*** – A. Letoit

6.1 Dit is onmoontlik om 'n elegie te skryf vir iemand wat jy nog nie eers ken nie. (1)

6.2 Herhaling van of (1)

6.3 oh baby (1)

6.4 Nee. Hy is onseker oor baie dinge. (2)

6.5 Sal juis verwag die biduurmeisie is opreg en haar verhouding sal langer duur. (2)

6.6 Daarna
Uiteindelik (2)

6.7 Sy lang hare en baard
Hy leef los van familiebande (ken nie sy ma nie) (2)

6.8 Ouers dien as sekuriteit (1)

6.9 Skreeuende bybies – irriterend
oh baby - romanties (2)

6.10 Want hy moet nou konvensies eerbiedig / hy moet nou gesinsmens wees. (1)
**[15]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: 40**

## AFDELING B

***Die Keiser*** – Bartho Smit

## VRAAG 7

7.1.1 Die gebruik van baie uitroeptekens / die toneelaanwysing / die kort sinne (enige twee) (2)

7.1.2 Nee; die Keiser is gewoonlik 'n dromerige idealistiese soort mens wat nié bekend is vir kragdadige optrede nie. (2)

7.2 Kultuur word in die rede geval as hy probeer praat. (1)

7.3 Hy is die Keiser se vertroueling. (1)

7.4.1 Respek (1)

7.4.2 (i) U Ydele, en (ii) Korporaal (2)

7.4.3 Minagting (1)

7.5 Hy is vermaaklik. (1)

7.6 Die Nar is 'n persoon wat deurentyd in die drama die waarheid na vore bring, maar hier erken hy dat hy vir die mense gelieg het. (2)

7.7 Hy twyfel ook oor die bestaan van die klere / sien nié die klere nie. Hy trek sy kamerjas aan, omdat hy nie wil hê die Nar moet hom sonder klere sien nie. (2)

7.8 Die Kamerheer het blykbaar telkens vir hulle beduie watter klere die Keiser veronderstel was om aan te hê. (1)

7.9 Hy is nie seker of sy ministers hom bedrieg en of hulle werklik die klere sien nie. (2)

7.10 Diplomaat (1)

7.11 Kultuur en Maarskalk bedrieg die Keiser oor die beskawingsprogram en die veiligheidsituasie en is bang dat die "klere" hulle kan uitwys as bedrieërs. (2)

7.12 7.12.1 almal / elkeen (1)

7.12.2 Dit benadruk die verpligte gevoel wat elkeen voel – soos groepsdruk. (1)

7.12.3 Groepsdruk is 'n bekende verskynsel in ons moderne tyd. (2)

7.13 7.13.1 Sy droom dat hy soos sy "mal pa" kaal voor die volk moet loop. (1)

7.13.2 Dan juig die volk hom toe en aanvaar hom omdat hy feitlik nét so kaal is soos hulle. (2)

7.14 7.14.1 Hy is die Keiser se raadgewer. (1)

7.14.2 Hy gee aan die Keiser raad hoe om sy probleem op te los. (1)
**[30]**

## VRAAG 8

## PARAGRAAFTIPE VRAE

8.1 Die drie ministers se name hou almal verband met die portefeuljes wat hulle beklee en maak van hulle tipes eerder as individuele persone in eie reg. Kultuur is Minister van Kultuur en het die verantwoordelikheid om die Keiser se beskawingsprogram deur te voer en ook die halfeeufeesvierings te reël. Maarskalk se naam wys op sy hoë militêre rang en hy is ook Minister van Verdediging. In hierdie portefeulje het hy veral die taak om te sorg vir landsveiligheid en toe te sien dat enige moontlike opstand onder die volk beheer word. Diplomaat is as die jongste minister die Minister van Buitelandse Sake en hy moet sorg vir goeie betrekkinge met die buiteland. Dit is ook hy wat die regeringshoofde van ander lande moet uitnooi na die Keiser se halfeeufeesvieringe.

Die ministers is ongelukkig onbetroubaar en grootliks verantwoordelik vir die mislukking van die Keiser se regering. Kultuur tree uiters konserwatief op en is begaan oor die kleredrag wat die Keiser aan hulle voorskryf, maar hy bedrieg die Keiser eintlik deur geld wat vir die beskawingsprogram begroot is aan te wend vir luukshede met die oog op die fees. Maarskalk voer óók nie sy take na behore uit nie. Hy en sy leër slaag nie daarin om die rebellie onder die leierskap van die Groen Tier te onderdruk nie, maar hy laat die Keiser verstaan alles is onder beheer, behalwe vir 'n paar "grensvoorvalletjies". Tydens 'n gesprek tussen hom en Kultuur skemer dit deur dat hy ook staatsgeld wanbestee. Diplomaat is dislojaal aan die Keiser, veral oor die kleredrag wat hy as "antiek" bestempel. Later blyk dit dat hy eintlik 'n verraaier is wat die wewers ondersteun in hulle poging tot 'n staatsgreep.

Die Nar is bewus van die ministers se onbetroubaarheid en hy probeer deurentyd om dit uit te wys. So spreek hy Kultuur aan as "U Ydele" om die oppervlakkigheid van dié minister te ontmasker en vir Maarskalk as "Korporaal" (lae onderoffisiersrang) waarmee hy hóm ook degradeer. Diplomaat word weer met min respek as "Seurtjie" aangespreek. Met hierdie verskillende aanspreekvorme insinueer die Nar eintlik dat hulle almal onbekwaam is vir die taak wat hulle moet uitvoer.

Die uiteinde van aldrie hierdie ministers is mislukking: Kultuur en Maarskalk word onthoof en Diplomaat moet saam met die Wewer en Tiengelieng vlug as die volk die Keiser toejuig en bo Wewer aanvaar. Op hierdie manier word daar afgereken met hulle onbetroubaarheid en by implikasie ook met alle politici wat hulle skuldig maak aan wanpraktyke. (20)

**EN**

8.2 Die probleme wat *Die Keiser* as drama aanspreek, was en sal nog altyd universeel wees. Korrupsie, wanbesteding en onbetroubare amptenare kom vandag nog net so wyd voor as in 1977 toe die drama verskyn het, indien dit nie erger is nie.

Die gebeure in die drama is juis nié aan bepaalde plekke en tye gekoppel nie om dit universeel te maak. In plaas daarvan om persoonlike eiename te gebruik, word die persone in hierdie drama almal na hulle ampte genoem wat van hulle tipes eerder as individuele persoonlikhede maak. Die pleknaam Ekwator verwys na 'n denkbeeldige lyn wat rondom die aarde loop en by implikasie van Ekwator dan enige plek op die aardbol wees. Wat tyd betref, dra die mense klere uit Frankryk van die sewentiende eeu, maar volgens die voorafinligting speel dit "in ons eie tyd" af. Die tipe portefeuljes in die Kabinet is ook eie aan 'n moderne land, so ook die wapens wat Maarskalk gebruik om die opstand te probeer onderdruk. In ons eietydse wêreld kom dieselfde tendense voor wat in die drama aangespreek word. In ons eie land weet ons van regeringslui wat onlangs beskuldig is van oneerlikheid oor die bekendmaking van sekere finansiële voordele en wanneer daar in Afrika Parlementêre verkiesings gehou word, vind ons meermale beskuldigings van knoeiery om die verkiesing te wen. Die hele kwessie van Irak het ook ontstaan omdat daar beweer is politieke leiers mislei die volk. (10)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

# AFDELING C

## PROSA

## KONTEKSTUELE VRAE

## VRAAG 9

***Kringe in 'n Bos*** – Dalene Matthee

9.1 Arend het vir Saul gehelp om vir Patterson te dra. Omdat hulle laat die aand met Patterson in die dorp aangekom het, het Arend by Saul in die skuur geslaap. (2)

9.2.1 Saul het vir Arend se hulp kom vra om vir Patterson te dra. (1)

9.2.2 Arend het op sy sterfbed gepraat en gesê dat Saul reg was oor die bloubokkie se gal. (2)

9.3 Dorpsmense / Houtkopers en die Bosmense / Houtkappers. (2)

9.4 "Wie is ek?" (1)

9.5 Die seun gaan Joram gedoop word, vernoem na sy oupa. (2)

9.6.1 Jozef se seun / Die baba (1)

9.6.2 Die vernietiging van die Bos word van geslag tot geslag oorgedra. (2)

9.7 Nee
Hy bedoel hulle is nie bewaringsbewus nie / Hulle is onskuldig / Hulle dink nie aan die toekoms nie. (2)

9.8 Arend se woede en beskuldiging word hierdeur beklemtoon. (2)

9.9 Ek deel in sy blydskap / Ek is ook gelukkig / ... (1)

9.10 Houtkappers moet meer bewaringsbewus word / Slegs gemerkte bome mag afgekap word. (2)

9.11 Hulle is tog afhanklik vir hul voortbestaan van die houtkopers soos MacDonald. (2)

9.12.1 "Hy het opsetlik skoor gesoek" (1)

9.12.2 Hy probeer Arend bewus maak daarvan dat die houtkappers die Bos uitroei. (2)

9.13 Bevooroordeeld. (1)

9.14 Bosmense (sonder hul bos) word vergelyk met miere (sonder 'n nes). (2)

Nee. Arend se dood is as gevolg van 'n ongeluk/ 'n besering

**OF**

Ja. Saul moes nie vir Arend om hulp gaan vra het om 'n vreemdeling te dra nie. (2)

**[30]**

## VRAAG 10

***Fiela se Kind*** – Dalene Matthee

10.1 Kaliel September (1)

10.2 Die spookskip wat by Noetzie gestrand het (2)

10.3.1 Omdat hy net soveel soos John Benn van die see af weet, maar nie goed genoeg is om stuurman te word nie. (2)

10.3.2 Omdat hy 'n bose oog het, wil geen skip hom oplaai nie. (2)

10.4 Omdat hy skeel is, is hy nie welkom op 'n skip nie. (1)

10.5 Hy worstel met sy identiteit. (1)

10.6 John Benn (1)

10.7 God van die skeur bo-op die kop sit.
Kaliel wat onder die kop sit. (2)

10.8 Hy het met skepe op die vangdam gespeel. (1)

10.9 Ja – hy ontduik sy verantwoordelikheid.
Nee – hy is nie hul kind nie (hoort nie by hulle nie). (2)

10.10 Visvang en oesters skoonmaak asook bosbokwippe stel. (2)

10.11 Die roeiers het ter waarskuwing gewaai en geskree, maar die ander het gedink hul word aangemoedig om verder te gaan. (2)

10.12 Soutbloed (1)

10.13 Figuurlik (1)

10.14 Jy praat duister. (1)

10.15 Dit vertel meer van die "fools". (2)

10.16 Dit gaan oor albei wat vol onbegrip is. (2)

10.17 Die lig is al af, maar Lukas vra nog vrae. (2)

10.18 Kaliel is weg net 'n skip. (1)

10.19 Die dood van die seeman wat in Lukas se teenwoordigheid gesterf het. (1)
[30]

## VRAAG 11

***By Fakkellig*** – Karel Schoeman

11.1.1 "gesprek" (1)

11.1.2 perdry / saals / perde (1)

11.2 Nee
"Ons" in r.4 verwys na die alle Iere : die grondbesitters en pagters, maar "ons" in r.6 verwys na net die grondbesitters. (2)

11.3 'n Tweewielige perderytuig (1)

11.4 Alice het begin bang voel en stem nou saam met die grondbesitters: die pagters is nie "ons mense" nie / hulle is 'n vreemde volk. (2)

11.5 Dit sou vernederend wees / Hulle het geen rede daartoe nie / Dis ondergeskik en veragtelik. (1)

11.6 Maria Cunningham (1)
Sy was die Cunningham suster wat vir David geëien het / "haar innigheid" en die manier waarop "sy opkyk in sy gesig". (1)

11.7 Winter – Tyd van binnetoe leef / David se inwyding by die Ierse pagters (1)
Herfs – David se eensaamheid / Hy is weer alleen gelaat. (1)

11.8 Die dubbelpunt (1)

11.9 David was eensaam en alleen voor Alice se koms, en het sy tyd verdryf in die biblioteek en deur die landgoed te stap. (2)

11.10 "gelukkig" (1)

11.11 Hy geniet die gesprekke en geselskap by Ard na Croisse in teenstelling met die gesprekke van die grondbesitters wat hom nie interesseer nie. (2)

11.12 Letterlik – die winterkoue (1)
Figuurlik – die onrus / probleme (1)

11.13 Haar liefdadigheid teenoor die armoedige Ierse boerevolk (2)

11.14 Hy moet hom heeltemal met die Ierse boerevolk identifiseer of teruggaan na sy eie wêreld. (2)

11.15 Woede / Ontsteltenis (1)

11.16 Ja (1)
Hy was nie aktief betrokke by enige daad nie. (1)

11.17 Donore – landgoed (1)
Dublin – stad (1)

11.18 Hy keer sy reg op die grondeienaars / hy is gelukkig by Liam hulle. (1)
**[30]**

## VRAAG 12

***Toorberg*** – Etienne van Heerden

12.1 Hulle is nie welkom op Toorberg nie, maar mag ook nie wegkom daarvan nie. (2)

12.2 Druppeltjie, omdat al die Du Pisani's dwalers was. (2)

12.3 StamAbel (1)

12.4 Albei het "binneste oë" gehad. (1)

12.5 Gewoonlik het hy nie geantwoord nie (slegs dit is korrek). (1)

12.6 Hy het hom geïgnoreer. (1)

12.7 Shala Riet (1)

12.8 Hovaardigheid (1)

12.9 Ja. Hy kan niks verander aan sy situasie nie.
Hy is verstandelik vertraag.
Nee. Sy ouers / voorgeslagte tree onregverdig op teenoor die Skaamfamilie. (2)

12.10 Sy wou nie hê die bediendes moes hoor wat sy antwoord nie. (1)

12.11 Ella s'n (1)

12.12 Sy is bekommerd oor Abel wat skielik skoonveld weg is. (1)

12.13 Na die dubbelpunt volg die vraag. (1)

12.14 Hulle het Abel dood op die solder gekry. (2)

12.15 Om iets stil te sê. (2)

12.16 Talle gestorwe Moolmans lewe weer. (1)

12.17 Die boormasjien (1)

12.18 Dit word nie meer gebruik nie / dit is vergete. (1)

12.19 Letterlik die boormasjien roes nog nie EN
Figuurlik aan die boormasjien kan niks negatief gevind word nie / Druppeltjie se dood is nog in almal se geheue. (2)

12.20 Meer onderdele as wat ek gemeen het. (2)

12.21 Die baas van die plaas (1)

12.22 Abel Moolman, omdat hy weggeraak het net toe die magistraat hom tot verantwoording wou roep. (2)

**[30]**

## PARAGRAAFTIPE VRAE

NB: Die algemene nasientabel vir literatuurstudie word deurlopend gebruik vir die nasien van paragraaftipe vrae.

## VRAAG 13

***Kringe in 'n Bos*** – Dalene Matthee

13.1 Saul is die enigste Bosmens wat kan insien dat die Bos uitgeroei word en nie vir altyd sal kan hou nie. Die Bosmense is nie bewaringsbewus nie want vir Joram Barnard en die ander Bosmense behoort die Bos aan die houtkappers. Hulle bestaan hang af van die Bos en daarom verkeer hulle onder die indruk dat hulle kan kap soos hulle wil. Omdat hulle ook ongeletterd is en maklik bedrieg word, word hulle onregstreeks gedwing tot die totale vernietiging van die Bos en daarmee saam hulle voortbestaan. By Meulbos waar drie jaar gelede die mooiste bos gestaan het, lê die rante en koppe soos skedels. Daar was net stompe soos afgebreekte hout. Volgens Jeffersen het dieselfde gebeur met die woude in Europa. Myle en myle eikewoude is deur die mens uitgekap en net die kaal aarde het oorgebly. Om die een of ander rede gryp die mens altyd meer as wat hy nodig het of wat hom toekom.

Saul agtervolg vir Oupoot vir vyf dae omdat hy hom wil skiet. Dis eers die laaste dag (Saterdag) dat Saul besef Oupoot het hom in sirkels gelei om hom te wys waar die Bos die meeste verniel is, en die ergste skade aangerig is. Onderwyl Saul vir Oupoort agtervolg, word hy verby bekende dinge in sy lewe gelei. Hierdie herinneringe en drome bring hartseer, vernedering maar ook vreugdes. Hy word met homself gekonfronteer en leer hy homself beter ken, sodat hy aan die einde van sy kringloop presies weet waar hy hoort: in die Bos waar hy gebore is.

In Swellendam kom hy vir die eerste keer in 'n kerk waar hy die meeste mense hoor "kitchen Dutch" sonder skroom praat. In Knysna het Saul gedink dat sy taal 'n taal is wat "dom" houtkappers in die Bos praat, en om mens te wees moes jy Engels wees.

Dié temas is steeds aktueel : die vernietiging van die natuur vind op groter skaal plaas ; en sommige tale neig belangriker status te kry as ander. (20)

13.2 Saul besef dat 'n mens wat finansieel afhanklik is nooit werklik vry kan wees nie. Dit beteken dat hy iets sal moet doen om uit die Bos en armoede te kom.

Hy kry werk by MacDonald, maar MacDonald buit hierdie situasie op 'n gewetenlose manier uit. Hy laat Saul soos 'n slaaf werk; betaal hom nie, maar laat sy geld afgaan teen sy pa-hulle se nimmereindigende skuld. Hy raak nie finansieel onafhanklik terwyl hy vir MacDonald werk nie, maar tydens hierdie tydperk het hy by Kate van die goud gehoor.

Die gerugte dat daar goud in die Bos is, bring nuwe hoop. In goud sien Saul nou 'n uitkoms. Met Patterson se pan het hy in Meulbos goud gedelf; eers net 'n paar onse, maar later heelwat meer. Met die gepaste gereedskap om mee te delf, kon hy sy goudvonds op tien verskillende plekke wegsteek. Niemand weet presies hoeveel goud Saul gedelf het nie, maar volgens Crompton is Saul die enigste een wat skatryk geword het.

Stem saam met Saul se siening.

**OF**

Stem nie saam met Saul se siening nie. (Kyk na kandidate se motivering) (10)

**[30]**

## VRAAG 14

***Fiela se Kind*** – Dalene Matthee

14.1 Elias is baie lui en soek heeltyd verskoning om nie te werk nie. Elias maak staat op geluk en nie harde werk nie: "hy het liewers aan 'n goeie plan en 'n bietjie geluk geglo..." Omdat hy so lui was, het hy nie soos ander mense geld bymekaar gemaak nie. Hy het in kitsrykdom geglo en het begin planne maak om olifanttande in die hande te kry. As hy dit kon verkoop, sou hy ryk word. Ivoorhandel was onwettig en daarom moet hy alles in die geheim beplan.

Hy besluit om Gouna se Bos (Brown se Kloof) toe te gaan omdat Dawid Olwage vertel het hoe olifante skuinstes afbeweeg met hulle slurpe om die boomstamme gekrul. As hy die olifant kan laat val, het hy die tande. Dan het hy ook nie eers 'n geweer nodig nie; iets wat hy nie kan bekostig nie.

Na dae se wag kom die olifante toe, maar hulle loop agteruit met die paadjie wat hulle gekom het. Elias kom gehawend by die huis met 'n ompad omdat die olifante hom bestorm het.

Later besluit hy om 'n vanggat vir olifante te grou. Nina en Lukas moet hom daarmee gaan help. Uit die aard van die saak sê hy nie vir hulle waarom die gat gegrawe word nie. Na 'n ruk vang hy 'n olifantkalf daarin. Nina het dit ontdek en het openlik teen Elias gedraai en hom as vark uitgeskel (teenoor Lukas). Willem het kom sê dat die olifante 'n klomp houtkappers se goed verniel het – hulle het mal geword. Toe Elias gaan kyk na die kalf in die gat, het ses olifante hom begin jaag. Van toe af is Elias deur die olifante gemerk. Hy het nooit meer durf alleen loop nie. Elias kan nie eers meer saamgaan Diepwalle toe om balke uit te sleep nie. Toe hy die eerste maand Nina se geld op die dorp wil gaan haal, het 'n olifantkoei hom ingewag en gekeer.

Nadat Lukas die Bos verlaat het, moes Elias self oor die weg kom. 'n Olifantkoei het hom eendag byna vermink en Elias het al maande so gelê voordat Lukas dit agterkom toe hy weer Bos toe kom.

Simpatie: Ja of nee. Hier moet die kandidaat sy eie gemotiveerde mening gee. (15)

14.2 In die Lange Kloof is dit die bruin vrou, Fiela wat Benjamin bekend stel aan boerdery met volstruise. Sy leer hom lees en skryf. Sy basiese maniere leer hy daar. Hy leer wat liefde, respek, eerlikheid en trots is en hy leer ook om skoon en netjies te wees. Fiela leef planmatig en sy besit grond. Hy leer ook God by Fiela ken.

In die Bos is dit Elias, sy wit "pa", wat hom beïnvloed. Dinge is hier net heeltemal die teenoorgestelde as by Fiela. Daar is geen trots vir besit nie. Toe Dawid-hulle Lukas se besittings bring, deel Elias dit sommer net uit. Elias se huis val omtrent uitmekaar en hy is lui, daar word laát werk en nie gewerk nie.

Elias mishandel die kinders en van liefde en godsdiens is daar geen sprake nie. Die wêreld van die olifant en die houtkapper word hier aan Lukas geopenbaar.

By die see is dit oop en wonderlik vir Lukas en dit laat hom terugdink aan sy kinderdae by Fiela. Hy dink ook baie terug aan die skuite waarmee hy op die vangdam gespeel het.

Kaliel is bruin. Enersyds is sy huis vervalle, maar daar is tog 'n orde en dissipline in sy lewe te bespeur. Hy weet wie hy is en waarheen hy wil, al word hy deur John Benn belemmer om sy doel te bereik.

Kaliel leer Lukas van die wêreld. Hy leer roei en visvang. Sy tydperk hier is dus konstruktief.
Dit lyk of Lukas die idee sou kon kry dat bruinmense beskaafder as witmense leef. Die opbouendste dinge het hy by Kaliel en Fiela, wat bruin is, geleer. (15)

**[30]**

## VRAAG 15

***By Fakkellig*** – Karel Schoeman

15.1 Die Protestantse grondeienaars en die Ierse pagters deel Ierland, maar leef in verskillende "wêrelde" as totale vreemdelinge.

Die grondeienaars word uitgebeeld as invloedryke, magsbehepte rykaards met politieke voorregte wat in die gemak van hul hoë ommuurde landgoedere hul tyd verwyl met leë gesprekke, bals, jaggeselskappe en whiskey drink. Hulle voel geroepe om hierdie beskaafde leefwyse te beskerm teen 'n horde ongeletterde onbeskaafde boerevolk. David het nóg by die grondeienaars tuis gevoel nóg deelgeneem aan hul bedrywigheid. Hy was selfs nie aktief betrokke by die boerdery of die bestuur daarvan nie; en van die Ierse boerevolk was hy feitlik onbewus.

David se vriendskapsverhouding met Liam en Séamas Bán lei hom geleidelik in die wêreld van die Ierse boerevolk. Hy maak van naderby kennis met hul swaarkry, armoede en ellende; met die ontkenning van hul regte op die gebied van godsdiens, opvoeding, mediese sorg en politiek; asook met hul trots. Sy gesprekke met Liam en Séamas Bán en die boeke wat hulle hom gee om te lees, sit hom aan die dink. Hy begin tóé besef dat hy nooit veel met die boerevolk te doen gekry het nie, dat hy hulle nooit leer ken het nie. Sy siening van hulle verander. Sy simpatie begin al hoe meer by die Iere lê, en hy voel nie meer om hom met die grondbesitters te vereenselwig nie.

Alhoewel hy meer by die Iere betrokke raak, bly hy steeds passief. Al kies hy om met die Iere te wees, neem hy polities geen standpunt in nie. Liam en vader O Floinn oefen al hoe meer druk uit op hom om standpunt in te neem. Dit is dan Liam se dood wat hom tot opstand dwing. Jy kies om die Iere daadwerklik in hul opstande te help deur gewere te kry. Die besluit het hy egter nie ligtelik geneem nie: moet hy teen sy eie mense opstaan, of moet hy die onreg wat hy die afgelope maande leer ken het, vergeet?

Die implikasies van David se terdoodveroordeling.
(Kandidate moet hier hul eie menings gee.)
Moontlikhede: Die grondeienaars ontsien geen simpatiseerders met die Ierse saak in hulle midde nie.
Die pagters beskou David as 'n held en martelaar. (20)

15.2 Die doodstraf in Suid-Afrika is afgeskaf want alle burgers het die reg op lewe. In die roman sien die regter die oplegging van die doodstraf as die beste en vinnigste keuse. Daar word ook aangedui hoe bevooroordeeld geregtigheid geskied. Die misdaad self speel 'n onbelangrike rol; wie die misdaad pleeg is bepalend. Is die misdadiger 'n grondbesitter of 'n gewone pagter?

Alle gemeenskappe in Suid-Afrika kan die godsdiens van hul keuse beoefen. In die roman word die Katolieke godsdiens van die pagters nie amptelik erken nie en word die Mis in die opelug behou. Daarteenoor is die amptelik erkende kerk van die Protestantse diens luuks ingerig. Die grondeienaars is Protestante en die pagters is Rooms-Katoliek.

In Suid-Afrika het almal vryheid van assosiasie: jy kan assosieer met wie jy wil. In die roman word David beskou as 'n afgedwaalde omdat hy volgens dominee Burnwood te vriendelik word met die boerevolk. Dominee Burnwood wys David daarop dat hy 'n verpligting het teenoor sy stand, die grondeienaars en die plek wat hy beklee in die samelewing. Die Ierse pagters kan goeie geselskap wees, maar hulle is nie grondbesitters nie, daarom moet David hom hou by sy eie mense. (10)
**[30]**

## VRAAG 16

***Toorberg*** – Etienne van Heerden

16.1 Die Slams het die vermoë om te sien; beskik oor die derde of binneste oog. Sy huis sit aan die linkerkant van die groot Toorbergkloof anderkant die Stiefveld. Ook sy voorvaders het daar gewoon. Hy is 'n toorder wat redelik negatief deur ander beleef word en tog het Ella hom laat kom dat hy kan sê waar Abel is. Hy is die een wat die raad van die daggatee vir Ella gegee het (vir Tillie).

Kêns Tillie het ook die binneste oë. Met haar geboorte het die naelstring om haar nek gedraai en sy het moontlik 'n ruk nie suurstof gehad nie. Dit het haar so snaaks gemaak. Sy het 'n pragtige gesig gehad en op twee jaar het sy die eerste stuipe gekry. Sy het 'n kind by Waterwyser du Pisani gehad, nl. Druppeltjie of Noag.

Waterwyser du Pisani was Noag se pa en het 'n verhouding met Kêns Tillie gehad. Daarna het sy vrou hom verlaat. Hy het ook binneste oë gehad en het veral water gewys op Toorberg, hoewel hy nooit suksesvol was nie. Tog het Abel hom maar laat begaan. Aan sy lyfband het hy 5 wilgermikke van verskillende grootte gedra.

Noag du Pisani, ook Druppeltjie genoem, is die kind van Kêns Tillie en Waterwyser. Hy is ook Noag genoem na die Bybelman wat die krag van water geken het. Noag het die derde oog gehad en kon water aanvoel tot honderd voet onder die grond. As kind het hy altyd in boorgate afgeloer, sy pa gevolg en het ook graag onder wilgerbome gespeel. Hy kon lees en skryf en was in Amy se skool (bietjie verstandelik vertraag).

Mense het hom kind van die weemoed genoem. Sewe maande na sy geboorte het daar konstant 'n druppeltjie op sy linkerwang gesit. Hy is in 'n boorgat dood.

Abel het kort voordat die magistraat hom sou ondervra, weggeraak. Niemand kon sy dood verklaar nie. Dit was moontlik selfmoord. Die lyk was op die solder met Toorberg se kaart en transport in sy besit. Die jaggeweer was in sy besit, maar nêrens was 'n koeëlmerk nie.

Ten spyte van magiese momente is die boek só geskryf dat die leser dit wel leersaam vind. Dit is duidelik dat almal, selfs die magistraat, skuld het aan Druppeltjie se dood. Kollektiewe skuld is hier ter sprake. (20)

16.2 De la Rey en Andreas se afwykende gedrag het daartoe gelei dat hulle verwerp is. Abel Moolman het 'n openlike verhouding met die weduwee op die dorp gehad. Floors Moolman word verwerp nadat hy ontug oor die kleurgrens heen pleeg. Koevert Moolman word verwerp nadat hy met 'n Katolieke meisie in die huwelik tree.

Die struggle van die tagtigerjare van die vorige eeu in townships asook die massabegrafnisse, kom ook hier voor en dit is veral Oneday Riet wat in dié opsig 'n sleutelrol speel. Oneday word later in hegtenis geneem. DwarsAbel opponeer Oneday in die Skaamfamilie as soldaat wat met Caspirs die townships patrolleer en die klipgooiers en brandstigters wil stilmaak.

Die geskiedenis van Toorberg word aangebied as 'n mikrokosmiese uitbeelding van die geskiedenis van Suid-Afrika: by geleentheid word daar na Abel Moolman verwys as 'n heerser van die klein republiek. Wanneer die slaweklok wil lui met die koms van die Republiek in 1961, breek die vrot riem.

Die geskiedenis van die Moolmans kan gelees word as die geskiedenis, in beknopte vorm, van die Afrikaners van 'n vroeër pioniersbestaan waarin hy die wildernis makgemaak het, tot in die tagtigerjare van die vorige eeu toe soldate in militêre voertuie die townships gepatrolleer het. (10)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL: 100**

AFRIKAANS EERSTE TAAL HG EN SG

NASIENTABEL VIR LANGER OPDRAGTE
LITERATUURSTUDIE VRAESTEL 2

**TAAL EN STYL**

| 20<br>15<br>10 | SKITTEREND | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | REDELIK | SWAK | BAIE SWAK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **RYK** | 20<br>15<br>10 | 19<br>14<br>9 | 18<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>7 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 |
| **VOLLEDIG** | 18<br>14<br>9 | 17<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 |
| **GOED** | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>8 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 |
| **GEMIDDELD** | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>4<br>3 |
| **ONDERGEMIDDELD** | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 |
| **SKRAAL** | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>5<br>3 | 5<br>4<br>3 | 4<br>3<br>2 | 2<br>1<br>1 |
| **ARM** | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 | 3<br>2<br>2 | 2<br>2<br>1 | 1<br>1<br>0 |

I N H O U D

## INHOUD

**A. RYK (R)**

1. Besondere insig
2. Sterk oortuigingskrag
3. Uitstekend inhoud-beheer
4. Deeglike begrip en interpretasie
5. Interessante, sistematiese en logiese beplanning
6. Vraag en antwoord sluit
7. Vraag voortdurend in fokus

**B. VOLLEDIG (V)**

1. Besondere insig
2. Oortuigingskrag baie goed
3. Inhoud weldeurdag
4. Duidelike begrip en interpretasie
5. Interessante, logiese beplanning
6. Enkele inhoudsgedeeltes ontbreek
7. Vraag en antwoord sluit
8. Vraag in fokus

**C. GOED (GO)**

1. Meer gebreke
2. Oortuig minder
3. Feite nie volledig nie
4. Aanbieding plek-plek nie logies nie
5. Vraag en antwoord sluit plek-plek nie
6. Vraag nie voortdurend in fokus nie.

**D. GEMIDDELD (GE)**

1. Baie gebreke
2. Oortuig soms glad nie
3. Helfte van feite
4. Belangrike feite ontbreek
5. Interpretasie gewoon
6. Aanbieding nie logies nie
7. Vraag en antword sluit dikwels nie

**E. ONDERGEMIDDELD (OG)**

1. Baie meer gebreke
2. Oortuig gedeeltelik
3. Belangrike feite weggelaat
4. Interpretasie oortuig nie
5. Aanbieding lomp
6. Vraag en antwoord sluit hier en daar
7. Vraag net in enkele gevalle in focus

**F. SKRAAL (SK)**

1. Kandidate druip
2. Vol gebreke
3. Oortuig glad nie
4. Geen insig nie
5. Onbelangrike feite oorheersend
6. Interpretasie swak
7. Aanbieding deurgaans lomp
8. Vraag en antwoord sluit glad nie

**G. ARM (A)**

1. Druip ver
2. Geen insig
3. Weinig kennis
4. Interpretasie
5. Aanbieding onlogies en verward
6. Vraag glad nie beantwoord nie

## TAAL EN STYL

**1. SKITTEREND (S)**

1. Korrekte, funksionele lees- en skryftekengebruik
2. Korrekte, funksionele gebruik van literêre terminologie
3. Oorspronklike taal en styl
4. Afrikaanse idioom
5. Keurige taalaanwending

**2. BAIE GOED (BG)**

1. Klein gebreke in lees- en skryftekengebruik
2. Goeie styl
3. Keurige taalaanwending - klein foutjies

**3. GOED (GO)**

1. Meer gebreke t.o.v. lees- en skryftekengebruik
2. Taal en styl begin lomp vertoon
3. Taalaanwending toon tekens van slordigheid

**4. GEMIDDELD (GE)**

1. Nog meer gebreke t.o.v. lees en skryftekengebruik
2. Taal en styl vertoon lomp
3. Taalaanwending is slordig

**5. REDELIK (RE)**

1. Ernstige gebreke t.o.v. lees- en skryftekengebruik
2. Sinsbou swak
3. Taalaanwending slordig
4. Slaag soms net

**6. SWAK (SW)**

1. Skryf- en leestekengebruik beroerd
2. Sinsbou swak
3. Taalaanwending slordig

**7. BAIE SWAK (BS)**

1. Kennis in gebruik van skryf- en leestekengebruik bestaan nie
2. Taalgebruik uiters swak